



NG KERK PAROW-WELGELEGEN

VRYWILLIGERSVORM

Deel gerus jou Godgegewe talente en gawes

Naam en van:

Selfoonnommer:

E-pos:



Ek wil graag betrokke raak by:

☐

Musiekspan: Het jy 'n spesiale musiekgawe? Het jy 'n passie vir lofprijsing en aanbidding? Raak gerus betrokke by die musiekbediening. Ons verwelkom voorsangers, instrumentaliste en liedjieskrywers.

☐

Klank en Beeld: Is jy tegnies aangelê? Het jy 'n goeie oor vir musiek en klank? Dié span is verantwoordelik vir die opstel en instel van mikrofone, monitors en instrumente tydens eredienste en spesiale funksies. Opleiding en bystand word voorsien.

☐

Verwelkomers: Is jy vriendelik en gasvry? Kom verwelkom besoekers by die erediens met 'n warm glimlag en 'n vriendelike groet by een van die drie ingangsdeure.

☐

Kollekte- en nagmaalspan: Is jy pligsgetrou en toegewyd? Word deel van die span van getroue vrywilligers wat diens lewer tydens die erediens.

☐

Tee- & Koffiespan: Is jy gasvry en vriendelik? Bedien mense met tee en koffie na die erediens. Gasvryheid en saamkuier is vir ons baie belangrik. Hierdie is dus 'n baie belangrike bediening!

☐

Spyseniering: Geniet jy dit om kos te maak of te bak? Geniet jy dit om te braai of dalk potjiekos te maak? By hierdie span maak ons lekker kos en bedien mense met ons gawes.

☐

Kleingroep: Ons motiveer graag elke gemeentelid om betrokke te word by 'n kleingroep. Hier word daar Bybel geles, saamgebid en ons ondersteun mekaar op die lewensreis. Skakel in. Miskien wil jy jouself beskikbaarstel as 'n kleingroepleier? Kontak ons gerus.

☐

Gebed: Gebed is 'n fundamentele deel van enige gelowige se lewe. Hierdie belangrike bediening kom weekliks op 'n Dinsdagaand bymekaar om saam te bid. Kom bid saam.

☐

Kleuterkerk: Het jy 'n passie om met kleuters te werk? Die kleuterkerk is 'n baie oulike bediening. Kleuterkerk vind plaas tydens die erediens en vrywilligers word versoek om eenkeer 'n maand diens te doen. Kom speel en leer saam!

☐

Junior Kategese: Is jy lief vir kinders? Het jy passie en energie? Kom word betrokke by die junior kategese as 'n groepleier. Praktiese materiaal word aan jou verskaf en al die nodige ondersteuning en leiding word gebied. Kom word betrokke by hierdie belangrike en pret bediening.

☐

Senior Kategese: Het jy 'n passie om tieners te bedien en te begelei? Is jy jonk van gees? Kom word betrokke by die seniors as 'n groepleier. Al die nodige materiaal word aan jou verskaf. Word deel van hierdie energieke span en help ons jeug vorm vir die toekoms.



NG KERK PAROW-WELGELEGEN



Ek wil graag betrokke raak by:



Jongwerkendes: Is jy tussen die ouderdom van 20 en 34 jaar oud? Hou jy van sosiale kuiers en om nuwe plekke te ontdek saam met lekker mense? Hierdie groep is vir jou! Kom kuier saam!



Social Tribe: Is jy tussen die ouderdom van 35 tot 54+ jaar jonk? Het jy 'n behoefte om nuwe mense te ontmoet en om saam sosiale aktiwiteite te geniet. Enkel, getroud of geskei. Hierdie groep is vir jou. Geniet die lewe en word deel van die *Tribe*.



MOPS (mothers of preschoolers): Hierdie mammasgroep is 'n ondersteuningsnetwerk wat prakties, dinamies en boonop hope pret is. Kom verkwik jou mamma-hart.



SENGEN (Senior-generasie): Hierdie groep is aktief en passievol oor die lewe. SENGEN bied maandelikse sosiale aktiwiteite vir seniors. Aktiwiteite vind gedurende die dag plaas. Kom raak gerus betrokke!



Dekor & Kreatief: Is jy kreatief en kunstig? Hierdie span is verantwoordelik vir blomme-rangskikkings, die maak van dekor en die opmaak van die fasiliteite vir funksies en geleenthede. Knip, plak, versier en geniet die kreatiewe proses saam.



Kommunikase: Is jy 'n kreatiewe denker? Is jy goed met woorde? Dié span help met die opstel en proeflees van bemarkingsmateriaal vir die gemeente. Miskien is jy 'n grafiese ontwerper, videograaf of 'n fotograaf. Saam kan jy help om kreatiewe en kontemporêre kommunikasie te bevorder!



Klereprojek: Die gemeente se klereprojek is 'n pragtige gemeenskapsprojek. Die klereprojek vind plaas elke tweede Dinsdagoggend van 09:00 tot +/- 10:30. Dié span help Maandae om die klere wat ontvang word, te sorteer en voor te berei vir die Dinsdagoggend. Raak gerus betrokke.



Iets uit Nikz: Hierdie kreatiewe groep dames het 'n hart vir liefdadigheid. Hulle omskep ou items in iets nuuts en mooi. Hierdie produkte word dan by markte verkoop en die winste word gebruik vir liefdadigheidsprojekte. Die dames kom Donderdagoggende bymekaar.



Winkelhelpers: Het jy tyd gedurende weekoggende om te help met die verpakking van droëvrugte en ander produkte vir die gemeente se winkeltjie? Kom weeg en pak saam.



Skakelbord en admin ondersteuning: Is jy beskikbaar om die skakelbord te beman wanneer 'n personeelid op verlof is? Miskien is jy bereid om te kom help met die vou van die aankondigingsblaadjies? Jou hulp word baie waardeer!



IT ondersteuning: Is jy 'n IT- hardeware en/of sagteware kenner? Kan jy IT-ondersteuning bied aan die kerkkantoor? Raak gerus betrokke by hierdie dinamiese en kundige span.



Geboue en terreine: Is jy passievol oor die netjiese instandhouding van geboue en terreine? Ons benodig van tyd tot tyd nutsmanne wat die kerkkantoor kan bystaan met *DIY-projekte* (loodgieter, elektriese). Is jy passievol oor tuine en wil jou kennis met ons om deel?



Ek gee hiermee permissie vir die gemeente om my inligting op die vrywilliger databasis te stoor en my te kontak.
